Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Frendelene Fortuin
Direktoraat: Bestuursrekeningkunde
Frendelene.Fortuin@westerncape.gov.za | 021 467 2415

Lêerno.: 18/5/5 (2022/23)
Verwysing: 20221007-7466

Omsendbrief: 0041/2022
Vervaldatum: 31 Maart 2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Hoofde van preprimêre skole en onafhanklike VKO-skole, en Prinsipale van gewone openbare skole met graad R-klasse

Kort opsomming: *Inligting vir alle rolspelers oor toepaslike aansoekprosedures vir graad R-subsidies en ander verwante aangeleenthede.*

Onderwerp: Graad R-subsidies en ander verwante aangeleenthede vanaf 01 April 2023

1. Graad R-toewysing

Hierdie omsendbrief het betrekking op graad R-leerders, soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig, en sluit daarom die groep leerders in die ouderdomsgroep 0–4 jaar uit.

1.1 Toegang tot die toepaslike inligting

Die norme-en-standaarde- (N&S-) toewysing vir graad R vir die boekjaar 01 April 2023 tot 31 Maart 2024 is op SOBIS beskikbaar, en toegang daartoe kan soos volg verkry word:

- Teken aan op SOBIS.
- Kies tipe skool.
- Kies skool.
- Klik "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys, klik dan op "*Norms and Standards Allocation*" en kies "*N&S 2023/24*".
- Maak 'n drukstuk van die bladsy.

1.2 Die toewysings word bereken volgens die *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing*, soos gewysig, en gepubliseer in *Staatskoerant* No. 29179 van 31 Augustus 2006. Die toewysingsbrief (waarna in punt 6 verwys word) sluit 'n gedetailleerde

uiteensetting van die geprojekteerde toewysing vir die 2023/24-boekjaar in, asook voorlopige toewysings vir die volgende twee boekjare, naamlik 2024/25 en 2025/26. Alle toewysings is op grond van die getal leerderinskrywings op SOBIS bereken.

1.3 Berekening van graad R-toewysing

1.3.1 Goedkeuring is verleen om met ingang van 01 April 2023 'n subsidie vir leerders in die volgende ouderdomsgroepe (in 2023) in goedgekeurde klasse by gewone, openbare skole, openbare Vroeëkinderontwikkeling- (VKO-) (preprimêre) skole, geregistreerde VKO-sentrums en onafhanklike terreine te betaal:

(a) Leerders wat 5 word voor 30 Junie
(b) Leerders wat 5 is en 6 word
(c) Leerders wat 6 is en 7 word, en wat vrygestel is van verpligte skoolbywoning

1.3.2 Soos in Omsendbrief 35 van 2022, gedateer 26 September 2022, uiteengesit, sal die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) die progressiewe universalisering van graad R ten opsigte van graad R-praktisyns soos volg toepas:

(a) Geskik en professioneel gekwalifiseerde opvoeders (ROKW 13 en 14) sal in vakante/befondsde posvlak 1-opvoedersposte, aangestel word.
(b) Ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns sal as graad R-praktisyns aangestel word en deur middel van die PERSAL-stelsel vergoed word, met inbegrip van bydraes tot die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF).
(c) Ongekwalifiseerde graad R-praktisyns sal steeds deur beheerliggame in diens geneem word as graad R-praktisyns en sal 'n subsidietoelaag van die WKOD ontvang.

1.3.3 Skole sal toewysings in die volgende kategorieë ontvang:

(a) Openbare skole

Subsidie betaalbaar aan openbare skole met gekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns

Soort inrigting (25 of meer graad R-leerders)	**Nasionale kwintiel (NK)**	**Skoolgeldstatus van die inrigting**	**N&S-subsidie betaalbaar per leerder per jaar***
Openbare skole (alle staatsbeheerde skole wat graad R aanbied), wat openbare VKO-skole insluit	NK1–NK5	Geen skoolgelde	R1 320
	NK4	Skoolgelde gehef	R880
	NK5	Skoolgelde gehef	R420

* Die N&S-subsidiebedrag per graad R-leerder per jaar is vir niepersoneel-bedryfsuitgawes, wat leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) insluit. Raadpleeg asseblief punt 4.2 vir besonderhede oor die aanwending van die subsidie.

Subsidie betaalbaar aan openbare skole met ongekwalifiseerde graad R-praktisyns

Soort inrigting (25 of meer graad R-leerders)	Nasionale kwintiel (NK)	Skoolgeldstatus van die inrigting	N&S-subsidie betaalbaar per graad R-leerder per jaar*	Minimum toelae vir graad R-praktisyns per jaar**
Openbare skole (alle staatsbeheerde skole wat graad R aanbied) wat openbare VKO-skole insluit	NK1–NK5	Geen skoolgelde	R1 320	R132 588
	NK4	Skoolgelde gehef	R880	R132 588
	NK5	Skoolgelde gehef	R420	R132 588

* Die N&S-subsidiebedrag per leerder per jaar is vir niepersoneel-bedryfsuitgawes, wat LOOM insluit.
** Die minimum subsidietoelaag betaalbaar aan 'n graad R-praktisyn wat in diens is van 'n beheerliggaam.

Minimum N&S-subsidie van toepassing op alle openbare skole

			Minimum toewysing per jaar (minder as 25 graad R-leerders)		Minimum toewysing per jaar (minder as 10 graad R-leerders)	
Soort inrigting	**Nasionale kwintiel (NK)**	**Skoolgeldstatus van die inrigting**	**Subsidie-toelaag per jaar**	**N&S-subsidie per jaar**	**Subsidie-toelaag per jaar**	**N&S-subsidie per jaar**
Openbare skole (alle staats-beheerde skole wat graad R aanbied), wat openbare VKO-skole insluit	NK1–NK5	Geen skoolgelde	R132 588	R31 680	R132 588	R15 840
	NK4	Skoolgelde gehef	R132 588	R21 120	R132 588	R10 560
	NK5	Skoolgelde gehef	R132 588	R10 080	R132 588	R5 040

Skole met graad R-praktisyns wat in diens is van die beheerliggaam, sal die minimum subsidietoelaag per jaar ontvang, bykomend tot die N&S-subsidie per jaar. In gevalle waar die graad R-praktisyn in diens van die WKOD is, sal die skool slegs die minimum N&S-subsidie per jaar ontvang. Raadpleeg asseblief punt 4.1 en 4.2 vir besonderhede oor die aanwending van die subsidie.

(b) Onafhanklike skole

Soort inrigting	Skoolgeldstatus van die inrigting	Graad R-subsidie per leerder per jaar*
Onafhanklike terreine (alle privaat beheerde skole wat graad R aanbied)	Geen skoolgelde	R6 600
	Skoolgelde gehef	R3 780

* Rand per leerder sluit die N&S-subsidie per leerder in, asook die subsidietoelaag vir 'n graad R-praktisyn. Raadpleeg asseblief punt 4.1 en 4.2 vir besonderhede oor die aanwending van die subsidie.

2. Graad R-subsidie-eise en betaling

2.1 Graad R-subsidie-eise sal op **2023 se Jaarlikse Skoolopname (JSO)** gebaseer word.

2.2 **Maak asseblief seker dat al die data op 2023 se JSO korrek is en volgens die aangeduide tydlyn afgeteken is. Geen wysigings word op SOBIS toegelaat nadat die JSO afgeteken is nie.**

2.3 Let asseblief op die volgende:
(a) Alle graad R-leerders moet op SOBIS vasgelê/geregistreer wees.
(b) Elke graad R-leerder moet by 'n klas ingedeel wees.
(c) 'n Graad R-praktisyn wat korrek geklassifiseer is, moet by elke klas ingedeel wees. Die klassifikasie is belangrik om die inrigtings se graad R-subsidie te bereken.

2.4 Eers nadat daar aan bovermelde vereistes voldoen is, kan 'n eis vir betaling ingedien word. Versuim om aan hierdie vereistes te voldoen, kan daartoe lei dat 'n inrigting die betaling van sy subsidie of 'n gedeelte daarvan verbeur.

2.5 Skole moet as 'n deurlopende proses graad R-subsidie-eise soos volg via SOBIS indien:
- Teken aan op SOBIS.
- Kies tipe skool.
- Kies skool.
- Klik op "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys en klik dan op "*Grade R Subsidy*".
- Kies "*Submit Application*".
- Kies asseblief "*YES/NO*" by die vraag, "*Will you be applying for Grade R subsidy*".

2.6 Voltooi asseblief die toepaslike velde soos vereis, en maak vir verslagdoeningsdoeleindes 'n drukstuk van die skool se subsidie-eis nadat die eis ingedien is. Die skool se subsidie-eis sal elektronies by die betrokke distrikskantoor ingedien word. Geen verdere optrede word van die skool verlang nie.

2.7 Raadpleeg asseblief die *Grade R Subsidy Claim Application System User Manual* op SOBIS vir gedetailleerde stapsgewyse leiding oor hoe om 'n subsidie-eis suksesvol in te dien.

2.8 Vyftig persent van (50%) van die toewysing sal in die **April/Mei**-gedeelte betaal word en die oorblywende 50% in die **Oktober/November**-gedeelte.

2.9 Tydraamwerke vir die 2023-proses

April/Mei-gedeelte (Kwartaal 2 en 3 van die 2023-skooljaar)

Datum	**Aksie**
12 April 2023	SOBIS open **vir slegs VIER dae** vir die indien van eise.
17 April 2023	Finale datum vir skole om eise in te dien. **Let wel:** Eise vir betaling kan nie ná hierdie datum ingedien word nie.
25 April 2023	Distrikskantore finaliseer aanbevelings- en goedkeuringsprosesse op EduInfoSearch en teken elke eis af.
15 Mei 2023	Finale datum vir subsidiebetalings aan skole.

Oktober/November-gedeelte (Kwartaal 4 van 2023-skooljaar en Kwartaal 1 van 2024-skooljaar)

Datum	**Aksie**
10 Oktober 2023	SOBIS open **vir slegs VIER dae** vir die indien van eise.
13 Oktober 2023	Finale datum vir skole om eise in te dien. **Let wel:** Eise vir betaling kan nie ná hierdie datum ingedien word nie.
20 Oktober 2023	Distrikskantore finaliseer aanbevelings- en goedkeuringsprosesse op EduInfoSearch en teken elke eis af.
15 November 2023	Finale datum vir subsidiebetalings aan skole.

2.10 Vordering van eis

Die vordering van jou skool se eis kan op die volgende wyse op SOBIS nagespoor word:

- Teken aan op SOBIS.
- Kies tipe skool.
- Kies skool.
- Klik op "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys en klik dan op "*Grade R Subsidy*".
- Kies "*Claim Status*".

3. **Geenskoolgeldskole wat graad R aanbied**

3.1 Geenskoolgeldskole wat befondsing vir graad R van die staat ontvang, mag nie skoolgeld vir graad R-leerders hef nie (kyk *National Financial Management Guidelines in Respect of Schools Offering Grade R Classes*, Oktober 2009, bladsy 4).

3.2 Ouers kan versoek word om vrywillige bydraes te maak. Hierdie bydraes is egter nie verpligtend nie en mag nie gebruik word om leerders uit te sluit omdat hul ouers nie sodanige bydraes kan maak nie.

4. **Aanwending van graad R-toewysing**

4.1 Subsidietoelaag van die graad R-praktisyn

4.1.1 (a) Openbare skole
Graad R-praktisyns (wat in diens is van beheerliggame) by alle openbare skole moet die minimum subsidietoelaag van R132 588 per jaar (R11 049 per maand), wat sesmaandeliks oorgedra word, ontvang.

(b Onafhanklike skole
Graad R-praktisyns by alle onafhanklike skole moet die volle 80% van die subsidietoewysing wat sesmaandeliks oorgedra word, ontvang. Beheerliggame van onafhanklike skole moet die graad R-praktisyn se salaris verhoog sodat die praktisyn minstens R11 049 per maand of meer ontvang.

4.1.2 Beheerliggame moet as werkgewers by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) registreer. Bydraes tot die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) en lopende betaalstelsel (LBS) moet van die graad R-praktisyn se salaris afgetrek word en aan die toepaslike staatsdepartemente oorbetaal word.

4.2 N&S-subsidie

4.2.1 Die doel van die subsidie is om enige niepersoneel-uitgawes soos LOOM te dek, asook bedryfsuitgawes soos munisipaledienstrekeninge, telefoonrekeninge, kopieer- en drukwerk, skoonmaakmiddels, instandhouding van die graad R-klaskamer(s) en enige ander dienste wat graad R-praktisyns mag benodig.

4.2.2 Daar word aanbeveel dat die N&S-subsidie soos volg verdeel word:
(a) Tien persent (10%) van die subsidie word vir LOOM toegewys, insluitend binnenshuise en buitenshuise LOOM, wat tot voordeel van graad R-leerders is. Alle LOOM wat aangekoop word, moet op die inventaris van die graad R-klas aangeteken word.

(b) Tien persent (10%) van die subsidie word toegewys vir die betaling van enige bedryfsuitgawes. Bedryfsuitgawes is die deurlopende uitgawes wat aangegaan word in die normale, dag-tot-dag bestuur van 'n onderneming.

5. Verslagdoeningsvereistes

Normale verslagdoeningsdoeleindes, soos deur die distrikskantore gekommunikeer, moet nagekom word om die volgende subsidiebetaling te bewerkstellig.

6. Graad R-briewe

6.1 Finale toewysingsbrief

6.1.1 Finale toewysingsbriewe (gebaseer op 2023 se kitsopname-inskrywings) sal teen 31 Maart 2023 op SOBIS gepubliseer word.

6.1.2 Skole kan die finale toewysingsbrief soos volg op SOBIS besigtig en uitdruk:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys, klik dan op "*Grade R Subsidy*".
- Kies "*N&S 2023/24 Final*".

6.2 Subsidiebetalingsbrief

6.2.1 Subsidiebetalingsbriewe, wat op die goedgekeurde leerdergetalle van die toepaslike distrikskantoor gebaseer is, en ooreenstem met die omsendbrief oor graad R (waarna in punt 1.3.2 verwys is), sal na elke gedeeltelike betaling op SOBIS beskikbaar wees.

6.2.2 Skole kan die subsidiebetalingsbriewe op SOBIS soos volg besigtig en uitdruk:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik op "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys en klik dan op "*Grade R Subsidy*".
- Kies "*Subsidy Payment Letter*".
- Kies "*Print*" (vir 'n gedrukte kopie).

7. **Kontaknommers vir navrae**

Onderwerp	Naam	Telefoonnommer
N&S-toewysing en -oordragbetalings aan skole en ander navrae wat met graad R-subsidies verband hou (N&S-toewysings)	Kontak die toepaslike graad R-amptenaar op distriksvlak.	Toepaslike distrikskantoor
SOBIS-verwante navrae	Kontak die toepaslike SOBIS-administrateur op distriksvlak.	Die kontaknommer vir SOBIS-ondersteuning kan onder die "CEMIS Support"-opsie op die kieslys verkry word.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-10-20